

Gereformeerde Kerk Bellville – 22 Julie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 15:1, 4 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 4 Dié wat hom van die manne keer / wat God en sy bevel nie vrees nie;
maar die godvrugtiges wil eer, / en in sy eed nie valslik sweer, / of aan sy woord ontrou wil wees nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 31:3, 6, 12 (p. 143)

- 3 U is my ewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.
- 6 U het my nimmer oorgegewe / aan vyande wat wreed
getrag het na my leed. / Deur U, bevryder van my lewe,
kan ek met vrye skrede / nou wandel in u vrede.
- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.

Skriflesing: Spreuke 18; Heidelbergse Kategismus, Sondag 36 en 37

Kernvers: Spreuke 18:10

Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut. (Spreuke 18:10 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).

(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9-10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).

(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.

Vraag 102: Mag 'n mens ook by heiliges of by anders skepsels sweer?

Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste Kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer (a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).

(a) 2 Kor 1:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.

Tema: Die Naam van die Here is 'n sterk vesting vir die gelowige

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer gevaar van watter aard ook al dreig, soek 'n mens 'n plek waar jy veilig kan wees. As daar stormwaters kom, soek jy 'n vaste plek wat teen die waters stand sal hou sodat jy nie weggespoel word nie. Wanneer 'n kind bang is, soek hy graag sy pa en ma naby hom, want hy weet hulle sal hom kan beskerm en veilig hou.

Die Heilige Gees verseker ons in die Woord dat die gelowiges ook 'n vesting het waarin hulle kan vlug en weet dat hulle veilig sal wees. Maak nie saak watter soort storm rondom hulle losbars nie, vir die gelowiges is daar 'n plek waarheen hulle kan vlug en altyd beskerm sal wees.

Dit is hier in Spreuke 18:10 waar die Spreuke digter sy seun hierdie lewenswaarheid leer:

Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut. (AFR53)

Dit is 'n toring wat nooit kan omval nie. Dit is 'n plek van toevlug wat altyd hoog genoeg, sterk genoeg en veilig genoeg is. Dit is die Naam van die Here – 'n Naam wat sy mense mag bely en vertrou. Die Here het Homself immers in sy Naam geopenbaar as die Een wat vertrou kan word en op Wie 'n mens sonder twyfel kan staatmaak.

In die derde gebod waarby ons vanaand aan die hand van ons Kategismus stilstaan, leer die Heilige Gees ons hoe om die Naam van die Here in ons lewens reg te gebruik sodat God die eer kry en die gelowige kan deel in die voorspoed en seën. Wanneer ons sê die Naam van die Here is 'n sterk vesting vir die gelowige is daar drie dinge waarop ons moet let:

- Gelowiges kan die Naam met sekerheid bely
- Gelowiges lê in groot versigtigheid 'n gelofte by hierdie Naam af
- Gelowiges vertrou ten volle in hierdie Naam

Broers, susters en kinders, iemand kan vra waarom is die Naam van die Here so belangrik? Die vraag word gevra na aanleiding van wat ons bely in antwoord 100. **Daar is**

geen sonde wat groter is en God meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie. Dit is nie net uit ons belydenis dat ons agterkom dat die Here se Naam belangrik is nie. Die Here beklemtoon self dat sy Naam vir Hom belangrik is. Hy gee aan ons die derde gebod waarin Hy vir ons sê:

Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydelik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydelik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
(Deuteronomium 5:11 AFR53)

En in die Nuwe Testament leer Jesus sy dissipels in die heel eerste bede bid:

Laat u Naam geheilig word. (Matteus 6:9b AFR53)

Daar is nie sommer 'n mens wat sal sê dat sy naam maar net 'n plakker is nie. Nog minder is die Naam van die Here net 'n plakker om Hom uit te ken van almal wat ons ken nie. Wanneer dit by die naam van 'n mens kom, gee die digter van die boek Spreuke goeie raad:

'n Naam is verkiesliker as groot rykdom, guns beter as silwer en as goud.
(Spreuke 22:1 AFR53)

'n Goeie naam is baie beter as al die rykdom in die wêreld. 'n Mens se goeie naam hou tog verband met jou reputasie. Iemand wat 'n goeie naam het, is iemand wat hoë aansien onder ander mense het. As jy sê dat iemand 'n goeie naam het, sê jy dat hy 'n mooi karakter het. Dit is iemand met wie jy vriende kan wees en saam met wie jy gesien wil word. Jou naam sê tog watter soort mens jy is.

In die boek Spreuke word die mens geleer hoe 'n mens 'n goeie naam kan kry. In hierdie boek leer die Heilige Gees ons wat ware wysheid is – dit is om die Here te ken en te dien. Net in hierdie hoofstuk wat ons gelees het, kom ons agter dat iemand met 'n goeie naam nie selfsugtig is nie. Hy luister na die raad van ander en volg nie net sy eie kop nie. 'n Mens met 'n goeie naam is iemand wat hard werk en nie nalatig is in sy werk nie. 'n Mens met 'n goeie naam is nederig. Hy is ook iemand wat goed let op die woorde wat hy spreek. Hy is iemand wat die Here vrees en sy verhouding met die Here bepaal sy optrede op elke gebied van die lewe.

Om so 'n goeie naam te hê is baie meer werd as al die rykdom in die wêreld. Ja, dit is so dat almal van ons graag 'n bietjie meer geld sou wou hê, maar op die ou end is 'n mens baie meer versigtig met jou naam en reputasie. Daar is verseker niks so sleg soos wanneer jou naam deur een of ander skandaal beswadder is nie. Kyk net watter groot skade het dit 'n groot maatskappy soos KPMG aangerig in ons land oor dinge wat hulle gedoen het. Daar is nie meer 'n bank in die land wat met hulle besigheid wil doen nie.

As 'n goeie naam vir 'n mens so belangrik is, hoe belangrik is die Naam van die Here dan nie vir Hom nie. Sy Naam is sy reputasie. Dit gaan oor wat mense van Hom dink, sy karakter, sy waarde, sy hele aard van wie Hy is en alles wat Hy doen.

Omdat God se Naam oor Homself gaan, is dit geen wonder dat Hy so jaloers is op sy Naam nie. God wil hê dat mense Hom sal ken soos Hy werklik is. Hy wil hê dat ons sal weet dat Hy betroubaar is – dat wanneer Hy iets vir ons sê, ons dit maar kan glo, want dit is die waarheid. Sy reputasie as God is dat Hy omgee vir die swakkes, Hy bewys barmhartigheid aan die nederiges, Hy vergewe die wat berou het. God is nie bekend as iemand wat wispelturig en onredelik is nie, maar Hy tree altyd in geregtigheid en waarheid

op.

Van die begin af maak God Homself aan die mens bekend sodat die mens Hom kan ken. Hy openbaar Homself in woorde en dade. Daarom kan ons weet dat, wanneer die Here sê Hy is die Verlosser, die Rots, die Herder, die Vader, kan ons Hom vertrou. Dit is wie Hy is. Deur sy optrede dwarsdeur die geskiedenis het God vir Hom 'n Naam gemaak, sê Nehemia in sy gebed (Neh 9:10).

Geliefdes, so het die Here Homself ook in jou en my lewe geopenbaar. Dit wat Hy van Homself in sy Woord vir ons sê, beleef ons daagliks. Hy is die Vader wat in die hemel is vir die gelowiges. Van Hom kan hulle alles verwag wat hulle vir liggaam en siel nodig het. Hy is die Verhoorder van hulle gebede. Hy is hulle goeie Herder wat hulle deur die dal van doodskaduwee sal lei om ander kant die dal weer die helder lig te sien sodat hulle sy grootheid en heerlikheid mag sien en prys.

Hoe hartseer is dit dan wanneer mense die Naam van God gebruik as 'n uitroep of as 'n vloekwoord. Hulle roep sy Naam uit, maar hulle ken Hom nie. Hoe min weet hulle van sy majesteit. Wie die Here se Naam regtig ken, het Hom ook regtig lief. Om regtig die Naam van God te ken, is om Hom te loof en prys vir wie Hy is.

Om die Naam van die Here te ken het dus gevolge. 'n Mens kan nie maar net kennis neem van sy Naam en dit weer vergeet nie. Wie die Naam van God ken, behoort iets te doen. Met hulle mond moet hulle sy Naam bely en met hulle hele lewe moet hulle Hom loof en prys. Daarom bely ons dat **ons sy Naam reg moet bely, aanroep en in al ons woorde en werke Hom prys.**

Oral en altyd – nie net in 'n erediens nie – maar ook in jou ontspanning en werk behoort ons lewens 'n lewende advertensie te wees vir die Here. Ons is die lewende advertensie vir die Here wanneer ons Hom gewillig gehoorsaam en vir alles dank. Dit gebeur ook wanneer gelowiges Hom vertrou in alle omstandighede. So 'n lewe is 'n helder en duidelike belydenis van die Naam van die Here.

Wanneer 'n mens iemand se naam ken, kan jy sy naam op verskillende maniere gebruik. Positief kan 'n mens sy naam gebruik wanneer jy hom groet of hom komplimenteer vir goeie werk. Negatief kan 'n mens sy naam gebruik wanneer jy in 'n fluistering skinder of sy naam in woede uitskree. Dit is hoe mense ook die Naam van God gebruik. Ons het al gesê hoe ons sy Naam positief kan gebruik – wanneer ons Hom gelowig in gebed aanroep en sy Naam openlik bely in woorde en dade. Maar ons bely ook dat die Naam van God negatief gebruik word wanneer **sy Naam gelaster of misbruik word deur te vloek, deur 'n valse eed of deur onnodig te sweer.** Die hele Sondag 37 word gewy aan die sweer van 'n eed.

Om 'n eed te sweer is om die Here as getuie te roep vir die waarheid. Dit gebeur in 'n hofsaak – ek sweer in die Naam van die Here dat ek die waarheid sal praat. Maar ook wanneer 'n mens 'n belofte in die Naam van die Here aflê, roep jy die Naam van die Here aan. Jy roep Hom wat heilig en regverdig is om toe te sien dat jy jou belofte sal uitvoer. Wanneer 'n mens die Naam van die Here so in 'n eed of 'n gelofte op sy lippe neem, is die veronderstelling dat die spreker ernstig is oor wat hy sê. Hy het dan in die Naam van die Here belowe of gesweer.

Mense is geneig om groot dinge aan die Here te belowe wanneer hulle in erge nood verkeer. In desperaatheid kan iemand sê: Here, as U my uit hierdie benoudheid red,

belowe ek om dit of dat vir U te doen. Dit is nie verkeerd om so 'n belofte aan die Here te maak nie. In tye van nood is dit 'n uitdrukking van die mens se totale afhanklikheid van die Here. Maar 'n mens moet so 'n belofte met groot versigtigheid uitspreek. Die Heilige Gees self waarsku ons daarvoor wanneer Hy sê:

Jy stel vir jouself 'n strik as jy oorhaastig iets aan die Here wy en agterna eers besef wat jy belowe het. (Spreuke 20:25 AFR83)

'n Mens kan nie iets aan die Here belowe en na die tyd teruggaan op jou woord nie. Wanneer Hy jou dan uit die nood gered het, soos jy gevra het, moet jy doen wat jy belowe het. Daarom, wees versigtig en lê so 'n belofte af na lang en ernstige gebede waarin jy die leiding van die Heilige Gees gevra het.

Net so wanneer dit kom by die sweer van 'n eed, moet 'n gelowige versigtig wees. Jesus waarsku uitdruklik dat 'n dissipel van Hom se ja ja moet wees en sy nee nee. Jesus beklemtoon dat die gelowige homself daarop moet toelê om altyd die waarheid te praat sodat hy nie werklik nodig het om 'n eed te sweer nie. Hierdie waarskuwing van Jesus weerklink ook in die boek Spreuke:

Op elke plek is die oë van die HERE, en hulle beskou opmerkzaam die slegtes en die goeies. (Spreuke 15:3 AFR53)

'n Mens kan ook hierdie woorde so uitdruk: Op elke plek is die ore van die Here, en hulle hoor opmerkzaam die slegtes en die goeies. Elke woord wat 'n mens sê, word deur die Here gehoor. Niks kan vir Hom geheim gehou word nie.

Soms het ons 'n woordeskat vir kerk en tussen ander gelowiges, en tussen vriende wanneer ons kuier en lag, het ons dikwels 'n ander woordeskat. En party mense het by die huis ook nog 'n ander woordeskat – somtyds ongeskik en ander kere weer so liefies. Dit kan tog nie reg wees nie. Al die woorde wat 'n gelowige spreek moet eerlik, en die waarheid en heilig wees. Christus het immers jou liggaam en siel verlos. Daarom behoort die gelowige se tong en lippe aan die Here en moet dit aan Hom diensbaar wees.

Ons het nou gehoor hoe ons die Naam van die Here reg moet gebruik – deur sy Naam aan te roep en te bely. Ons het ook gehoor hoe versigtig 'n mens moet wees met alles wat jy sê en veral wanneer jy 'n eed sweer of 'n gelofte aflê in die Naam van die Here. Daar is egter nog 'n manier waarop 'n mens die Naam van die Here reg kan gebruik – dit is om jou vertrou ten volle in die Naam van die Here te stel.

In ons teks sê die Heilige Gees: **Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut.** Daar is 'n agtergrond vir hierdie vers wat dit vir ons makliker maak om te verstaan. Israel was nie altyd 'n veilige land om in te woon nie. Ja, in die dae toe Dawid en Salomo konings was, was dit veilig. Maar voor die tyd was die lewe in Israel onseker.

Jy kon nog heel rustig besig wees om jou landerye te bewerk. Dan verskyn daar skielik 'n stofwolk op die horison en jy hoor die gedreun van perdepotte en jy sien hoe die swaarde flits in die sonlig. As jy dit gesien het, het jy jou uit die voete gemaak om so gou as moontlik in die stad te kom agter die muur en hoog op in die toring, want dit is die Midianiete of een van die ander vyandige volke wat weer kom roof en moor.

As die digter van Spreuke vir sy seun leer dat die Naam van die Here 'n sterk toring is waarheen die regverdige vlug om veilig te wees, verstaan die seun presies. God is die toevlugsoord vir die gelowige. Wie na die Here hardloop kan ten volle op Hom vertrou,

want by Hom is jy heeltemal veilig. Dit is die Naam van die Here wat so 'n sterk toring is, want sy Naam sê wie Hy is – Hy is Vader, Verlosser, Herder, Helper. Die Here sal nooit anders optree as wat sy Naam sê Hy is nie.

Die Heilige Gees sê die regverdige hardloop na die Here toe. Wanneer dit dus kom by vertroue in die Here, kan 'n mens nie nog draai nie. Maak nie saak wat in 'n mens se lewe gebeur nie, die heel eerste ding wat 'n gelowige behoort te doen is om sy vertroue in die Here te stel en sy Naam aan te roep. 'n Regverdige kyk nie eers watter van sy planne gaan werk voordat hy na die Here vlug nie. Nee, heel eerste vlug hy na die Here, want die Here het die antwoord op alles.

So baie mense wil op hulle eie kragte en vermoëns vertrou. Kyk hoe baie mense is daar wat op hulle eie goeie werke vertrou om verlos te word en die ewige lewe te ontvang. En tog maak die Here dit vir ons baie duidelik in die Skrif: God het geen ander Naam op die aarde gegee as die Naam van Jesus Christus deur wie 'n mens verlos kan word nie. As jy dan glo dat ook jy in die Naam van Jesus Christus die verlossing ontvang het, dan weet jy dat jy die Naam van die Here kan bely en aanroep en vertrou. Die Here is wie Hy sê Hy is en Hy maak dit in sy Naam aan jou duidelik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 20:1, 2, 4, 5 (p. 90)

- 1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!
- 2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.
- 4 Mag Hy, die ryke God, u gee / al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam – / mag u dié guns ontvang!
- 5 Ons wil oor u oorwinning juig – / die vaandels jubel mee!
Ons loof die Naam van onse God. / Mag Hy u wens u gee!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Julie 2018